OOP KAARTE

Die vrou wat stilte afneem

MURRAY
LA VITA

Selfportret in die SA Museum. **Foto: LIEN BOTHA**

Op pad van Kaapstad na Bettysbaai om met Lien Botha 'n onderhoud te voer, val (veral) twee dinge op: By die hoogte voordat 'n mens na Rooi-Els begin afdaal, neem 'n jong vrou 'n foto van 'n groep mense (maklik tien) wat op die klipmuurtjie sit met hul rûe na die effens onstuimige see.

En: net voor die afdraaipad na Pringlebaai en Hangklip kom 'n rooi Ferrari van Bettysbaai se kant af verbygeflits. En dan nog een. En nog een. En nog een . . . Ses rooi Ferrari's.

In die kombuis van die kalm, ruim huis vol lig wat Lien se lewensmaat, die argitek en beeldhouer Raymond Smith, ontwerp het, luister sy aandagtig hierna. Sy kyk af na die drie wit bekers wat sy pas op die ou gespikkelde groen klipblad van die tafel neergesit het, en mymer: "Dit voel skielik of dié bekers skuins staan . . ."

Die musiek wat speel, is van Riaan Nieuwenhuis. Maar dit klink na Eric Satie. Of Keith Jarrett. Lien: "Dis so suiwer, nè?"

In 'n essay getiteld *Music of Silence – The Art of Lien Botha* ontleed Ashraf Jamal die verband tussen die werk van Lien en die Italiaanse surrealistiese kunstenaar Giorgio de Chirico – die man wat musiek gehaat het en aanbeveel het die musiekliefhebber moet die ure wat in konsertsale deurgebring word eerder gebruik om 'n grootse skildery met toneelkykers (*opera glasses*) te bestudeer.

Jamal skryf:

"If Lien Botha acknowledges a debt to surrealism then it is, in part, to Giorgio de Chirico. For both these artists it is the realm of the unspeakable that matters most. In both enigma would be insufficient if it did not possess the depth-charge of silence: the knowledge that the visible world harbours a ghost; that that which is seen conceals as much as, if not more than, it reveals."

'N BOEK

En nou is daar die uitstalling *Parrot Jungle*, waarin Lien, in die woorde van Marilyn Martin, terugkeer na die "seemingly straight photograph (there is of course no such thing) . . ."

Met hierdie negende solo-uitstalling van die bekroonde skepper van reekse soos *Boxing Days*, *Postscript*, *Radio Maria* en *Amendment* onderneem sy met 'n digitale kamera 'n reis.

"Baie van die goed het ek gesien in die ses jaar wat ek tussen Bettysbaai en Kaapstad moes ry. Jy sien goed wat vir jou interessant is, maar jy het mos nou nooit tyd nie, want jy het 'n afspraak, en so kom jy altyd te laat terug, en jy is moeg en dit is donker.

> **Die goed wat vir my verruklik is, is juis die goed wat jy amper gaan miskyk: die kind met die letsel of die vrou met die een glasoog.**

"En toe het ek afgevat vir drie maande en saam met 'n student, Dane Mathyssen, gery, en ek kon net kyk en sê: 'Stop. Links. Regs.'

"Ek sukkel nogal met mense. Dis vir my moeilik. Die portrette is vir my vreesaanjaend. Ek respekteer mense geweldig. Jy dink altyd hoe gaan jy hierdie persoon vergestalt dat daar waarde in is vir die persoon? So ek probeer nié met mense praat nie. Maar aan die einde van die dag móét jy met hulle praat, want jy wil goed weet. En dan begin die goed so oopval."

So het dit byvoorbeeld gebeur dat sy die Bettysbaaier Helene Lambert (80) se pragtige ou boek *Histoire des Jardins* afgeneem het wat sy saam met haar uit die Kongo gebring het. Dit is die eerste beeld in *Parrot Jungle* se reeks van 45 foto's. Die boek is oopgemaak en met die gesig na onder neergesit. Die kyker sien dus die voor- en agterplat. En die gebreekte rug.

"Hierdie vrou het in die Kongo gebly. Hulle het gevlug twee dae nadat Lumumba dood is. Twee dae later is hulle uit daai Kongo uit met níks. Hulle het van voor af begin."

Ons kyk in stilte na die foto van die boek wat behoort aan die vrou wat alleen met haar parkiet en haar koringslang in Bettysbaai woon. Dit is in die katalogus hier voor ons op die tafel.

Raymond sê Lien het 'n groot liefde vir die woord en vir boeke. Haar ma het gesê sy moet 'n boek skryf, sê hy. Lien sê aan hom: "*Don't go there.*" En: "Daarvoor het ek nie moed nie."

Dan kyk Raymond weer na die foto van die boek. Hy kyk met iets soos bewondering op na Lien aan die oorkant van die tafel. Hy sê: "Lien, daar staan twee mense in die tuin!"

Lien: "Ek weet."

Raymond: "En kyk wat is die laaste *image* van die reeks – twee mense in 'n tuin vandag in Kaapstad (*Lebo and Ntombe, Company Gardens, Cape Town*)!"

Lien glimlag en sê: "Ag, jong."

VOËLS

Ons sit steeds buite in die son. Uit die huis kom musiek van Arvo Pärt. Klokke is hoorbaar.

Sy is verbaas wat mense toelaat, sê Lien. Een oomblik sê hulle nog nee en die volgende oomblik sit hulle voor daardie kamera.

"Want hulle wil nie sterf nie. Hulle wil nie stérf nie. Dis hoekom mense ook merke maak teen boomstamme en in grotte – hulleself verewig. Ons wil eintlik nie sterf nie."

Aan haar bors is die volgende vasgespeld: 'n Reghoekige stukkie plastiek soos dié waarin kongresgangers se besonderhede ten toon gestel word. Binne die plastiekvenstertjie is 'n ou foto van 'n vrou wat voor 'n tent staan. Dit is Mooi Annie Venter, haar oupa Frikkie se ma. Die foto is ná die Anglo-Boereoorlog geneem. Die opstal is nie sigbaar nie. Langs die foto is 'n Russiese seël met 'n vlinder op.

"Eintlik was hierdie 'n sosiale antropologie-projek. Jy dra dit en dan sal die vrou agter die toonbank by 'n plek soos Spar vir jou vrá. En dan begin die gesprek. Dan maak jy oop.

" 'n Mens hou maar net die heeltyd aan. Jy hou die heeltyd aan, jy weet, om te werk en te versamel en so aan. Maar ek dink dit is ook beskerming. Ek het my oupas al aangehad en my ander oumas aan my ma se kant. Dit het ek verloor. Dit het afgebreek op 'n lughawe. En dit is verby. Dit is die oorspronklike foto's. Dit was nogal woes. Ek dink die afgestorwenes kan jou help met hulle energie. Al is dit net vir jóú, om jou bestaan vir jou makliker te maak.

"Om te bestaan is wonderlik, maar dis ook baie moeilik. So as ek voel ek het my má of tannie (prof.) Elize (Botha), of tannie Josette (Malone) – veral vrouens wat nou al weg is – hier by my, *then I can make it; I can do it*."

'n Fisant kom nader. Lien se gesig helder op. Sy is lief vir voëls. Ons praat oor die titel *Parrot Jungle*.

"Ek het van kléins af net 'n werklike persepsie van voëls as . . . as bondgenote. Ek praat regtig met hulle. En hoe meer ek na hulle kyk hoe meer leer hulle jou oor jóú kondisie.

"Maar hoekom die papegaai? Die papegaai omdat hy een van die min voëls is wat kan praat; wat mimiek. Die na-aping; die naboots. Maar die papegaai is net 'n fassinerende wese en ook hier waar ons bly . . . dit is soos 'n oerwoud."

Sy bly 'n oomblik stil.

"Ek dink met *Parrot Jungle* het ek amper boedel oorgegee. Aan die een kant is dit vir my *great* om dokumentêr te werk ná al hierdie jare . . . waar ek in die verlede beelde gemanipuleer het. Nie boedel oorgegee nie, maar as jy kyk na die tradisie van dokumentêre fotografie in Suid-Afrika wat baie sterk is. Jy kyk na Goldblatt en selfs . . . Subotzky, Guy Tillim, Pieter Hugo. Interessant genoeg hoofsaaklik mans.

"So in 'n sekere sin sê ek half: Ag nou goed, dan doen ek ook nou maar weer helaas hierdie ding. So half asof . . .

"Ek is al in die verlede daarvan beskuldig die werk is te kripties; dis nie toeganklik nie. En so aan."

Sy sug.

"Ek dink hier is dit darem nou letterlik uitgespel: *Ronel with Indian Ringneck Parakeet, Betty's Bay*."

Sy tik die woorde met haar vinger af op die katalogus.

VROEËR

In die tuin staan 'n groot ou marmer-engel tussen die fynbos. Langs die engel is 'n houtbankie. Op die punt van die bankie is vasgebind 'n gids oor Afrika wat van die jare vyftig dateer. Lien streel met haar vingers oor die grys, verweerde objek. Soms dwaal sy hier rond en tref 'n stukkie oor byvoorbeeld die Ivoorkus aan wat die wind losgewoel en teen 'n struik vasgewaai het.

Ons stap weg van die groentetuin waar sy by die rye groen plante gebuk het om blaartjies te pluk vir 'n "joviale slaai". 'n Khoi-aspersie, "óú veldkos", het in die palm van haar hand gelê en sy het opgemerk: "Ek wou eintlik 'n boer geword het."

Nog boeke word gewaar: aan die takke van bome is hulle geheg.

Haar werk is vir 'n deel melancholies, maar daar is ook humor wat mense dikwels nie raaksien nie, merk sy in die loop van die middag op.

Die stem van Fadhili Williams, 'n "folk-*hero* van Malawi wat lankal dood is", klink op wanneer ons weer in die huis kom.

Hou kreatiewe werk 'n mens jonk?

"Ja. Jy hou aan om jouself uit te daag. Jy hou aan ondersoek; vra; spéél, uitgooi. Jy is nooit gemaklik nie."

Ons praat oor Andrew Putter se kunswerk *Secretly I Will Love You More* en hoe dit resoneer met haar werk *Krotoa's Room*: die herwinning van argiefmateriaal en hoe jy dit dan kontekstualiseer.

Om versigtig om te gaan met alles, hou vir haar 'n bekoring in. Dít in teenstelling met die absurde oordaad en materialisme wat sy soms aantref wanneer sy om den brode foto's van die interieurs van huise neem.

"Hierdie reeks, *Parrot Jungle*, is vir my 'n regstelling, 'n antitese, 'n korreksie. Die goed wat vir my verruklik is, is juis die goed wat jy amper gaan miskyk: die kind met die letsel of die vrou met die een glasoog."

In die teenwoordigheid van Swarovski-kristalle wat van gordyne af hang, raak sy benoud.

"Gelukkig het jy mos nou die kamera wat altyd vir jou skuiling bied. En dan gaan jy mos nou maar net aan met jou werk."

Haar hande is voor haar hart. Asof sy 'n kamera vashou. Of 'n voëltjie.

■ Nader besonderhede is by www.erdmanncontemporary.co.za beskikbaar.

Religie gee groter betekenis aan lewe

Religie is 'n belangrike aspek van baie mense se lewe en hulle behoort die vryheid gegun te word om dit uit te leef, veral in 'n samelewing wat hom op oopheid beroem.

Skole laat byvoorbeeld verskillende sportsoorte toe, en wie nie wil deelneem nie, hoef nie, maar moet ander dié reg gun.

Deur kennis te neem van die spelreëls van ander sportsoorte en te verneem hoekom deelnemers dit geniet, verbreed mense se visie en kennis.

So is dit ook met religie. Dit is wanneer dit afgedwing of ingeperk word wat dit lei tot konflik en teenstand.

Religie vervul belangrike sosiale en sielkundige funksies – dit bring mense bymekaar, verleen betekenis aan mense se bestaan, skep sekuriteit en dui etiese en morele gedrag aan wat die gemeenskap ordelik laat saamleef.

Religie kan natuurlik ook, afhangende van mense se motiewe, aangewend word om verdeling te saai en uitbuiting te regverdig.

Religie help ons om 'n leefwêreld van verwagtings en hoop te skep, en werk depressie teen.

Religie help om die pyn van krisisse soos egskeiding, werkverlies, dood en siekte draagliker te maak. Dit verenig mense in die huwelik, die gesin en die gemeenskap.

Dit help om betekenis aan realisme te verleen, al is die realisme soms 'n wonderlike fantasie gebaseer op mites en legendes.

Niemand het egter eksklusiewe reg op wat nou eintlik realisme is en wat nie, en daarom het ons ander mense nodig om ons te help om onsself en ons wêreld te verstaan.

Die wetenskap, filosofie en teologie verklaar elkeen gedeeltelik. Uit elkeen van die kennisvelde moet ons neem en verwerp, vra en weer toets, glo en twyfel.

Gelowiges en ongelowiges sal moet leer om te kan sê: "Ek sal met jou verskil, maar terselfdertyd jou reg om met my te verskil met my lewe verdedig."

KRYNAUW DU TOIT
Stellenbosch

Lesersbriewe mag nie langer as 300 woorde wees nie. Korter briewe geniet voorkeur.

Vermaning teen oorhaastige optrede was wel nodig

Ombudsman
HENDRIK
COETZEE

'n Noodsaaklike debat oor toetsing vir MIV/vigs het ontstaan ná mnr. Theuns Botha, Wes-Kaapse minister van gesondheid, se stelling dat hy verpligte MIV/vigstoetse wil instel vir alle pasiënte wat openbare gesondheidsinstellings besoek.

Die Burger het in 'n hoofartikel gewaarsku dat daar met dié sensitiewe kwessie nie holderstebolder ingestorm moet word nie, maar dat 'n indringende openbare debat daaroor noodsaaklik is en dat die gesondheidsowerhede ook moet kyk na onder meer die volhoubaarheid van só 'n plan.

Hoewel sterk optrede in die lig van die pandemiese afmetings van dié siekte noodsaaklik is, het *Die Burger* gewaarsku dat dit dalk 'n opdraande stryd sal wees om so iets in te stel, veral in die lig van mense se grondwetlike reg op privaatheid.

Emeritus-prof. Deon Knobel het in 'n brief daarop gewys dat sulke toetse net met die ingeligte toestemming van die betrokkene gedoen behoort te word.

As dit so gedoen word, en "alle positiewe gevalle daarna onmiddellik na die korrekte klinieke verwys word vir CD4-tellings, en enigeen met 'n telling onder 350 binne twee weke op ARV-behandeling [geplaas word]", sal die minister se program heelhartig ondersteun word, het Knobel geskryf. In wese steun sy standpunt *Die Burger* se hoofartikel.

Enkele briefskrywers het daarna gevra of *Die Burger* se hoofartikel mense se reg op privaatheid nie te veel beklemtoon nie. Moet die groot publiek se belange nie voorrang bo dié van die individu geniet om die moontlike verspreiding van dié hoogs voorkombare siekte te keer nie?

Een briefskrywer het sy teleurstelling uitgespreek omdat *Die Burger* nie in 'n positiewe artikel die voordele van verpligte MIV-toetsing uitgespel het nie.

In 'n insiggewende artikel in *Die Burger* van 30 September skryf prof. Anton van Niekerk, die hoof van toegepaste etiek aan die Universiteit Stellenbosch, dit is hoog tyd om die moontlikheid van 'n "roetine-aanbod van MIV-toetsing" sterk te begin oorweeg.

Hy wys daarop dat so 'n aanbod altyd aan sekere vereistes moet voldoen en dat dit die pasiënt steeds moet vrystaan om dit te weier. "Sodoende word die beginsel van ingeligte toestemming in ag geneem," aldus Van Niekerk.

Hy sê onomwonde dat dit, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle, nooit eties regverdigbaar is om iemand sonder sy of haar ingeligte toestemming te toets nie.

Sy voorstel van roetine-toetsing beteken dat "wanneer dit ook al gewens geag word dat 'n pasiënt bloedtoetse moet ondergaan, die aanbod aan sodanige pasiënt gemaak word om ook 'n MIV-toets te ondergaan". So 'n aanbod moet dan ook onder meer gepaard gaan met berading vooraf, en ná die toets as die uitslag positief is.

Ek glo nie enigiemand kan beswaar maak teen Van Niekerk se voorstel van roetine-toetsing nie.

Dit is iets heel anders as die verpligte toetse wat deur Botha in die vooruitsig gestel word. Verpligte toetse beteken dat die individu geen keuse het nie, en dit is strydig met die Grondwet.

Dit is juis waarteen *Die Burger* se hoofartikel waarsku, naamlik dat iets wat baie positief en voordelig vir die land kan wees, so oorhaastig en ondeurdag aangepak word dat dit uiteindelik misluk.

Daar is talle voorbeelde die afgelope 15 jaar waar blindelings ingestorm is sonder om alles deeglik te oorweeg en seker te maak dat dit wat aangepak word, 'n sukses sal wees. Hoef 'n mens enige ander voorbeeld te noem as die mislukking met die toepassing van uitkomsgebaseerde onderwys?

Die stryd teen MIV/vigs is te belangrik om dit weens oorhaastige optrede en die inwerkingstelling van planne wat moontlik nie volhoubaar is nie, te laat misluk.

Een briefskrywer het selfs gesê hy steun verpligte MIV-toetse omdat hy wil weet of die persoon met wie hy te doen het, hom dalk kan aansteek. Hy vergelyk dit dan met tuberkulose.

Die verskil tussen tuberkulose en MIV/vigs is dat jy eersgenoemde kan opdoen as jy sosiaal verkeer met 'n TB-lyer, of as hy naby jou hoes. Daarteenoor kan 'n mens nie MIV opdoen deur sosiaal (of in werkverband) met 'n MIV-lyer te verkeer nie. In die algemeen vereis dit 'n groot mate van intimiteit met 'n MIV-lyer voordat jy aangesteek kan word.

Dit is belangrik dat die stigma wat aan MIV verbonde is, vernietig word en mense deeglik oor die siekte ingelig word, onder meer dat dit vandag nie meer 'n doodsvonnis is nie. Sodoende sal mense hulle meer geredelik aan toetsing onderwerp. 'n Behoorlik deurdagte en werkbare plan teen MIV sal heelhartig deur almal, ook *Die Burger*, ondersteun word.